Maart 2023

# TUINROETE EN KLEIN KAROO

## 12 – 19 September 2023

## PROGRAM

**Di 12 GEORGE**

Hierdie toer sluit nie vlugte na George in nie. Ons ontmoet mekaar op George se lughawe of by die Wildernis Hotel in Wildernis. Probeer u vlugte, indien nodig, so reël dat u voor 14:00 op George Lughawe is. Daarvandaan ry ons per bus na **Wildernis** na ons hotel waar ons kan uitpak en ontspan. Dis ons tuiste vir die volgende sewe dae. Ons stap rond in Wildernis en geniet die talle winkeltjies en as die weer dit toelaat, gaan stap ons op die strand by Leentjiesklip met ons voete in die warm water van die Indiese Oseaan. Aandete in die hotel.

**Wo 13 WILDERNIS – MOSSELBAAI – HARTENBOS – WILDERNIS**

Vandag ry ons na **Mosselbaai** en besoek die geskiedkundige ou posboom wat in toeka se jare deur seevaarders wat om die Kaap gevaar het, as 'n poskantoor gebruik is. Dis as't ware eintlik Suid-Afrika se eerste poskantoor! By '**Die Punt**' sien ons die groot grot teen die hang van die heuwel. Hier, en in ander grotte langs die Suid-Kaapse kus, word steeds navorsing oor die leefwyse van vroeëre inwoners van die gebied gedoen. Op pad terug ry ons by **Hartenbos** deur die ATKV se oord wat tans opgegradeer word en 'n heeltemal nuwe voorkoms kry. By **Groot-Brakrivier** stop ons by *Elita Lodge,* wat 'n panoramiese uitsig oor die omliggende landskap en see bied. Aandete in ons hotel.

**Do 14 WILDERNIS – GROOT BOOM – DIE VLEIE – WILDERNIS**

Vanoggend besoek ons die bekende '**Groot Boom**' in **Hoekwil** en ry daarna deur **Die Vleie.** Dit is vier pragtige mere met 'n rykdom aan voëllewe. In plaas van aandete in ons hotel in Wildernis geniet ons vanmiddag 'n driegang-ete by die *Views Hotel*, wat 'n pragtige uitsig oor die see bied. Daarna kan u gaan rus of weer in Wildernis se straatjies of op die strand gaan stap. Elkeen sorg self vir 'n ligte aandete, aangesien ons reeds vandag se hoofmaal genuttig het.

**Vr 15 WILDERNIS – MEIRINGSPOORT – DE RUST – WILDERNIS**

Ons ry vandag oor die **Outeniekwapas** na die **Klein Karoo** en besoek die skouspelagtige **Meiringspoor**t met sy majestueuse rooi rotswande. Die pad noorde toe kronkel heen en weer oor die riviertjie met 26 laagwaterbruggies. Ons hou stil by die monumentjie vir *Herrie op die Ou Tremspoor*, Langenhoven se bekende storie oor 'n fiktiewe olifant. 'n Entjie verder stap ons na die pragtige waterval teen die berg. Ons stop in **De Rust** en snuffel rond tussen die talle kuns- en geskenkwinkeltjies en interessante eetplekkies. In die Outeniekwapas hou ons by 'n uitkykpunt stil om George ver onder ons tussen see en berg te bewonder. Ons geniet aandete in die hotel.

**Posbus 17203 | Pretoria-Noord | 0116**

**Tel: 012 546 4967 | Faks: 086 530 2326 | E-pos: info@toere.co.za | Web: www.travelentoer.co.za**

**Sa 16 WILDERNIS – SEDGEFIELD-BOEREMARK – WILDERNIS**

Vanmôre ry ons na **Sedgefield** se boeremark. Dis 'n mark met allerhande lekker eetgoed wat deur plaaslike mense gemaak word. Daar is vrugte, vars brode en beskuit, worsbroodjies, vis, vleis, blomme en talle ander lekkernye te koop. Langsaan is 'n vlooimark wat 'n groot verskeidenheid van artikels te koop aanbied. Hierdie mark is landwyd bekend. Dis 'n belewenis om net daar rond te stap en deel te word van die gesellige atmosfeer.

Ons ry terug hotel toe vir 'n middagruskans en gaan daarna by 'Seeplaas' koffie drink. Dis 'n besondere restaurant teen die see naby Groot-Brakrivier. 'n Mens het 'n pragtige uitsig oor die see na Mosselbaai se kant toe. Aandete soos gebruiklik in die hotel.

**So 17 WILDERNIS – KNYSNA – WILDERNIS**

Ná ontbyt vertrek ons na **Knysna**, die skilderagtige toeristedorp waarvandaan 'n mens 'n pragtige uitsig het oor die uitgestrekte meer na 'Die Koppe' – die bekende poort na die diepsee.

Ons besoek ook 'n kaai aan die meer waar diegene wat wil, kan proe hoe oesters smaak. Op die kaai is interessante winkeltjies. Ons besoek ook **Thesen-eiland** en verkyk ons aan die ryk voëllewe. Op pad terug besoek ons een van die kleinste kerkies in Suid-Afrika wat 'n besondere geskiedenis het.

**Ma 18 WILDERNIS – VICTORIABAAI – GEORGE – BLANCO – HEROLDSBAAI – WILDERNIS**

Ons ry vanoggend na **Victoriabaai**, waaroor Lucas Maree sy bekende liedjie geskryf het. Daarna besoek ons **George** vir 'n kort begeleide stadstoer. Ons reis voort deur **Blanco**, wat deesdae 'n gewilde aftreeplek is, na die bekende **Heroldsbaai**. Op pad terug gaan kyk ons na die 'Kaart van Afrika', 'n stuk natuur in die vorm van die Afrika-kontinent. Ons eet vanaand in die gewilde restaurant, *The Girls*, oorkant die hotel en kuier vir oulaas heerlik saam.

**Di 19 WILDERNIS – GEORGE-LUGHAWE**

Vanoggend ry ons na George-lughawe, van waar ons terugkeer huis toe ná 'n onvergeetlike besoek aan een van Suid-Afrika se mooiste natuurgebiede.

**NB:** *Hierdie program kan na gelang van weersomstandighede aangepas word.*